Preek.
Sondag 26 Julie 2009 – Jesus se dissipelskapskool 1. Saam op pad
Liturg: Danie Möller

Luk 9:51-62

51 Toe die tyd nader kom dat Jesus in die hemel opgeneem sou word, het Hy vasbeslote die reis na Jerusalem begin *52* en boodskappers voor Hom uit gestuur. Hulle het vertrek en in 'n dorp van die Samaritane gekom om daar vir Hom verblyf te reël. *53* Maar die inwoners wou Hom nie ontvang nie, omdat Hy na Jerusalem toe op pad was.
54 Toe die twee dissipels, Jakobus en Johannes, dit sien, sê hulle: "Here, wil U hê ons moet vuur uit die hemel afroep om hulle te verteer?"
55 Maar Hy het omgedraai en hulle skerp tereggewys. 56 Daarna het hulle die reis voortgesit na 'n ander dorp toe.
57 Terwyl hulle op pad was, sê iemand vir Hom: "Ek sal U volg waar U ook al gaan."
58 Toe sê Jesus vir hom: "Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir sy kop nie."
59 Aan 'n ander een sê Hy: "Volg My."
Maar hy antwoord: "Here, laat my toe om eers terug te gaan om my pa te begrawe."
60 Toe sê Jesus vir hom: "Laat die dooies hulle eie dooies begrawe, maar gaan verkondig jy die koninkryk van God."
61 Nog een het gesê: "Ek sal U volg, Here, maar laat my toe om eers my familie by die huis te gaan groet."
62 Toe sê Jesus: "Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie."

Jesus se dissipelskapskool (Luk 9:51-19:27)

Inleiding tot die reeks.

Ons begin vandag met 'n opwindende nuwe reeks. Vir 14 weke gaan ons in al ons eredienste Lukas 9 -19 deurwerk en saam deel wees van Jesus se dissipelskool. Hierdie pad is letterlik 'n reis saam met Jesus op pad na Jerusalem.

Kom reis saam

Baie van ons het in hierdie tyd vakansie gehou of gereis. Al het jy nie, is ek seker die meeste van ons hou van die avontuur van reis. Al is dit net om jou kosblik te pak en by 'n plek uit te kom waar jy nog nooit was nie.

Prentjie met kosblik

Ek wil jou vanoggend nooi om jou tassie te pak en saam met ons te vertrek vir 'n reis saam met Jesus deur Samaria na Jerusalem. Jy het nie veel in jou tassie nodig nie. Behalwe 'n goeie stuk opgewondenheid en 'n Bybel in die hand het net nog twee dinge nodig. 'n Oop gesindheid om te hoor wat die Here vir jou sê, en die bereidheid om daaroor te praat. Met mekaar, buite die kerk, in die motor, op ons webwerf se blog. Want dan gaan ons almal die meeste uit hierdie pad kry.

Die interessante van die meeste van ons reise, is dat nie noodwendig die plekke is wat bly vassteek in ons geheue nie, maar veral die mense en die ervaringe saam met mense. Dit is wat ons onthou – dit word die kern van ons herinneringe. (ook foto's met mense – nie poskaarte bly by)

In die reisverhaal van Lukas gaan dit net so wees. Dit gaan nie oor die plekke wat ons aandoen nie. Om die waarheid te sê, daar word min plekke se name genoem. Maar dit gaan oor die mense wat ons ontmoet deur Lukas se oë en veral die gesprekke wat Jesus op die pad voer. Jesus gebruik hierdie reis as laaste voorbereiding vir sy dissipels om sy kerk op aarde te wees – vir die nuwe bedeling as Hy nie meer by hulle is nie. As ons die pad loop, gaan Jesus ook met ons hiermee besig wees.

Agtergrond van Lukas 9-19

Jy hoef nie te skrik vir die "skool" idee nie. In Lukas sien ons 'n besondere benadering van Jesus.

Jesus het op verskillende maniere met die mense gepraat terwyl hy op aarde was.

Die een manier was om te preek. bv bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom. Markus het veral vir ons Jesus as prediker weergegee.

Jesus het ook onderrig gegee as leermeester. In die Engels, hy was nie net preacher nie, maar ook teacher. Mattheus het weer klem gelê op Jesus se lering en die bergrede of saligsprekinge is bv 'n goeie voorbeeld hiervan. Lukas het 'n ander klem. Hy wys hoe Jesus gesels. gesels met mense oor alledaagse dinge, op pad, soos hy met hulle te doen kry, help hy en leer hy en rig hy mense se lewens, indiwidueel en persoonlik.

Lukas se evangelie bestaan uit 4 hoofdele.

1. Die geboorte van Jesus
2. Die bediening in Galilea
4. Die vervolging, kruisiging en opstanding in Jerusalem
3. Die reis van Galilea na Jerusalem

Ons gaan vandag besig wees met **Lukas 9:51-62.** Ons gaan so stuk-stuk daardeur lees, so hou asb maar jou Bybel oop.

51 **Toe die tyd nader kom dat Jesus in die hemel opgeneem sou word, het Hy vasbeslote die reis na Jerusalem begin** ***52*** **en boodskappers voor Hom uit gestuur. Hulle het vertrek en in 'n dorp van die Samaritane gekom om daar vir Hom verblyf te reël.**

Lukas skryf hierdie hele reisverhaal in 'n besondere letterkundige styl. In hierdie chiastiese styl word die eerste opmerkings nl dat Jesus op pad is na Jersusalem maar ook na die hemel, herhaal in die laaste sinne van die verhaal, asook in die middelste deel van die verhaal. abcde f edcba

Die beskrywing van sy reis as "vasbeslote" (Luk 9:51) toon aan dat Hy doelgerig op pad was met die wete dat sy kruisiging en 'n totale nuwe bedeling in sy bediening voorlê. Lukas beeld vir ons die reis uit as 'n laaste voorbereiding van die dissipels vir hierdie nuwe bedeling. Hulle laaste kursus in dissipelskap word gegee op pad van Galilea na Jerusalem.

Dit val op dat Jesus se dringendheid Hom nie haastiger of besiger maak nie. Inteendeel. Dit is asof Hy rustiger en meer intens in gesprekke betrokke raak by die kleiner groep volgelinge om Hom. Die reis van Galilea na Jerusalem sou onder normale omstandighede slegs 3-5 dae te voet neem. Hulle neem egter ooglopend baie langer om die afstand af te lê.

Daar is groter fokus, maar Hy pas nie druk op hulle toe om vir oulaas iets in hulle koppe te kry nie. Hy gee meer persoonlike aandag aan hulle. Die verhale en gesprekke berei hulle voor om as sy navolgers voor te gaan in die kerk. Hy doen dit in vyandelike gebied (Samaria), wat op 'n manier simbolies is vir die plek waar mense tot vandag dissipels moet wees.

Die opmerking dat Jesus Sy gesig na Jerusalem gedraai het, lei Lukas se lang *reisverhaal* na Jerusalem in. Jesus se optredes, onderrig en onderonsies in dié deel, word herhaaldelik onderbreek met verwysings dat Jesus op reis is na Jerusalem (9:53, 56–57; 10:38; 13:22, 31–33; 14:25; 17:11; 18:31, 35; 19:1, 11). Die reisverhaal vorm 'n belangrike deel van Lukas-Handelinge. Waar Handelinge vertel hoedat die evangelie al hoe *verder* van Jerusalem verkondig word, vertel Lukas hoedat Jesus al hoe *nader* aan Jerusalem beweeg

het. Lukas beklemtoon telkens dat Jesus die verlengde *via dolorosa* bewandel in navolging van God se wil. Met die draai na Jerusalem neem Jesus die eerste tree op Sy finale lydensweg.

Die verhaal begin met die bekendmaking dat die einde vir Jesus naby gekom het. Jesus was volgens Lukas besig om Homself voor te berei vir Sy dood. *In die hemel opgeneem* verwys samevattend na Sy dood, opstanding en hemelvaart (vers 51).

Om Jerusalem te bereik, moes Jesus deur die gebied van die Samaritane reis.

Die Samaritane het tussen Judea en Galilea, Wes van die Jordaan, gewoon. Hulle en die Jode was geswore vyande van mekaar sedert die herbouing van die tempel (Esra 4:2–24; Neh. 2:19; 4:2–9). Om te verseker dat hulle Hom sou ontvang, het Jesus boodskappers uitgestuur om hulle te waarsku van Sy koms (vers 52). Hulle het Hom egter nie gasvry ontvang nie. Soos die mense van Sy eie tuisdorp, verwerp hulle Jesus (4:16–30). As sulks dien dit as 'n voorafskaduwing van wat in Jerusalem sou gebeur.

4 insidente waaruit ons leer

In die gedeelte van vandag is daar 4 insidente wat Jesus gebruik om mense te lei. Wat belangrik is dat hy mense ken en sien wat dit is wat vir hom of haar 'n struikelblok kan wees in hulle pad van dissipel wees. Hy is daarom nie noodwendig met algemene uitsprake besig nie, maar met raad vir spesifieke mense. Vir 'n ander het Hy dalk weer iets ander om te leer.

Jesus wou op vier maniere wys van vier tipes mense wat Hom, Jesus Christus moet volg.

Jy kry die te geesdriftiges, dan kry jy die besluitelose, en dan kry jy die voorwaardelike, altyd voorwaardes wat hulle stel.

Een – vers 54 -56

Kom ons lees die eerste van hierdie insidente.

53 Maar die inwoners wou Hom nie ontvang nie, omdat Hy na Jerusalem toe op pad was.

54 Toe die twee dissipels, Jakobus en Johannes, dit sien, sê hulle: "Here, wil U hê ons moet vuur uit die hemel afroep om hulle te verteer?"

55 Maar Hy het omgedraai en hulle skerp tereggewys. 56 Daarna het hulle die reis voortgesit na 'n ander dorp toe.

Dié gebrek aan gasvryheid van die Samaritane het die twee seuns van Sebedeüs só ontstel dat hulle dié stede, net soos Sodom en Gomorra (wat ook ongasvry was teenoor God se boodskappers), met vuur wou vernietig. Hulle is moontlik om dié rede 'seuns van die donder' (Boanerges) genoem**.**

Jesus weier egter hulle versoek om die Samaritane met 'n hemelse skok uit te wis. Hy gaan eerder doodluiters na 'n ander dorp toe (vers 56).

Hartseer dat die kerk oor jare hierdie benadering van die seunsvan die donder gevolg het. Vyande van die kerk of die geloof is vemoor, verbrand verketter.

Twee – vers 57 -58

57 Terwyl hulle op pad was, sê iemand vir Hom: "Ek sal U volg waar U ook al gaan."

58 Toe sê Jesus vir hom: "Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir sy kop nie."

Langs die pad kry Jesus 'n geesdriftige vrywilliger wat by Hom wil aansluit. Daar sal nog baie wees. Aan hom maak Jesus die prys van dissipelskap duidelik – jy sal tuisteloos rondswerf. Jy sal geen sekuriteit op aarde hê nie. Selfs diere is beter af as Jesus. Al het Hy tuisgegaan in Petrus se huis in Kapernaum, het Hy nooit werklik tuisgekom op aarde nie. Sy eie mense het Hom verwerp soos wat dan ook finaal in Jerusalem sou gebeur.

Jesus se antwoord mag dalk klink soos 'n beker koue water in sy gesig- Dit mag dalk klink of Jesus alle geesdrif demp met die antwoord van die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie… Wat Jesus vir die man duidelik maak is om nie so angstig en heeltemal te vinnig te antwoord nie. Jy moet eers goed besef wat dit van jou sal vra om my te volg. Daar sal altyd sekere nagevolge wees as jy die Here volg. Vir God se Seun sal daar in sy onrus nie eers 'n rusplek wees nie. Sy rus sou eers kon wees, aan die kruis, want die enigste plek waar Jesus se kop tot rus kon kom, was toe Hy sy asem uitgeblaas het. Sy kop het vooroor gebuig, en die Grieks laat dit hoor, Jesus se kop het 'n rusplek gevind. Dit is die enigste plek in die Bybel waar die woord weer so voorkom, nadat Jesus gesê het, hy het nie plek om sy hoof neer te lê nie.

Koste van dissipelskap

Volgens vandag se teks word daar gepraat van 'n "totale-lewe-dissipelskap"

Dissipelskap gaan nie oor "'n bestemming" nie, dit gaan oor die reis self. Dis hoekom Jesus dit duidelik maak dat Hyself geen plek sy permanente huis kon noem nie, daarom moet Sy dissipels ook belê in 'n lewe van beweging - van Jesus volg.

Haaie is een van die oudste, mees primitiewe en mees suksesvolle werweldier groepe wat nog bestaan. Maar vir 'n haai om aan te hou asemhaal, om suurstof gewende water deur sy kieue te laat vloei, moet 'n haai altyd aan die beweeg bly.

Dis dieselfde met "totale-lewe-dissipelskap". Jesus roep: *Loop saam - hou aan beweeg, want so sal jy op vars en nuwe paaie loop*

Die Latyns Amerikaanse teoloog, Jon Sobrino, het 'n interessante vraag gevra: "Is jy besig om Jesus te volg of net te glo in Christus?" Weet ons nog wat dit kos om Jesus in hierdie lewe te volg?

Dietrich Bonhoeffer skryf aangrypend in sy Cost of Discipleship "We have gathered like eagles around the carcass of cheap grace, and there we have drunk of the poison that has killed the life of following Jesus."

Storie van die twee boeties wat stry oor die grootste stuk koek, toe Mamma inkom en hulle berispe: "As Jesus hier was, sou Hy die kleinste stukkie koek vir Hom gevat het." Die ouer broer sê toe vir die kleiner boetie, terwyl hy die kleinste stukkie koek vir hom aangee: "Wees jý Jesus!".

Maxine Dunnam vertel dat hy eendag gery het toe sy oog die motor voor hom se bufferplakker in groot vet letters vang: **"I am a Generic Christian**."

Dit het sy aandag vasgevang, veral toe hy die klein letters daaronder raak lees: "Ask me what I mean."

Hy het die motor gevolg tot dit by 'n motor wasplek gestop het. Toe stop Maxine om met die bestuurder te praat.

Die man het aan hom verduidelik dat hy so moeg is vir al die binnegevegte tussen kerke dat hy bekend wou staan as iemand sonder enige etiket wat om hom hang, vandaar die 'generiese Christen'.

Maxine het verstaan wat die man bedoel, maar toe hy daar wegry, kom die volgende gedagte by hom op: "I wonder if we don't have too many generic Christians and not enough disciples." Jesus wil hê ons moet Sy volgelinge wees...

Maar Jesus het dit al lank terug gesê: "As iemand agter My aan wil kom, MOET HY HOMSELF VERLOëN..." Wat Jesus van ons vra, is dat ons God nommer 1 maak, dat ons onsself van die middel van die verhoog wegneem en God daar plaas. Dit dring ons om te besef dat alles God s'n is en om alles met respek te hanteer asof jy dit AAN, VIR, MET Christus doen" (Kol 3:17,23).

"ELKE DAG SY KRUIS DRA". In Jesus se tyd was kruisigings 'n algemene gesig. Wanneer iemand sy kruis opgetel het, en saam met Romeinse soldate daar weggeloop het, beteken dit dat die man op 'n eenrigting reis was. Hy sou NOOIT weer terugkeer nie.

Om die ou lewe – 'n lewe waar alles om jou en wat jy daaruit kan kry, gedraai het – daagliks agter te laat en in liefde die nuwe lewe (waar jy met nuwe oë na die lewe, die aarde, mense en jouself kyk) in die voetspore van Jesus te loop, is wat met kruisdra bedoel word.

Luk 9:24

24Toe sê Jesus vir sy dissipels: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg,

Drie - vers 59 -60

59 Aan 'n ander een sê Hy: "Volg My."

Maar hy antwoord: "Here, laat my toe om eers terug te gaan om my pa te begrawe."

60 Toe sê Jesus vir hom: "Laat die dooies hulle eie dooies begrawe, maar gaan verkondig jy die koninkryk van God."

Aan 'n tweede potensiële volgeling rig Jesus die klassieke uitnodiging "Volg My!", maar dié ou wil eers begrafnis gaan hou. Om nie jou dooie pa te begrawe nie, was sosiaal oneervol, amper ondenkbaar, in die antieke wêreld. Dit was omtrent die enigste ding wat die uitvoering van die Ou-Testamentiese wette volgens die Rabbi's tersyde gestel het. Of die man se pa dood of sterwend was, word nie vermeld nie. Daar is ook geleerdes wat aanvoer dat ons hier moet dink oor die versorging van die dooie se beendere. Met die afsterwe, is die liggaam in 'n graf geplaas (soos Jesus s'n later) waar dit ontbind het. Na 'n jaar is die bene in 'n klip kissie geplaas wat dan in die familiegraf gelos is. 'n Begrafnis kon in so 'n geval meer as 'n jaar duur! Dis egter onseker of dit hier bedoel word. In alle waarskynlik wil Jesus net die mees radikale implikasie van dissipelskap deurgee. 'n Voorbeeld in die OT is Esegiël wat nie eens oor sy vrou kon rou nie (Eseg. 24:15–24).

Ek wil vir Jesus volg, maar ek moet net vorige afsprake eers afhandel. Jesus het van die begin af vir ons geleer om in die LEWE en nie in die dood te belê nie! "Totale-lewe-dissipelskap" van Jesus word dus opgeroep om te belê in die lewe en weg te loop van die dooie letter van tradisie wat geleef word ter wille van tradisie.

"My volg" is die punt van dissipelwees. Dit is die groot struikelblok van die kerk, want daar is so baie afstand-volgelinge van Jesus. Wat bedoel ek daarmee? Mense wat Jesus van 'n afstand volg, hulle is flou volgelinge wat 'n swak indruk laat.

Laat mense toe om Jesus in jou lewe te sien!

Om te sien hoe jy bid (Dan 6:11,12)

Om te sien hoe jy 'n UITstaan-lewe lei (Psalm 119:9 & Fil 2:15,16a)

Om te sien hoe jy optree teenoor ander mense (Rom 12:9,10)

Om te sien hoe jou lewe oorheers word deur 'n Godvrede wat alle verstand te bowe gaan. (Fil 4:7)

Dan kan jy iemand reguit in die oë kyk: "Volg my soos ek Jesus volg (1 Kor 11:1), want hierdie is die dissipelpad! Die enigste pad na ewige geluk."

Die man is die besluitelose- As die Here hom roep om Hom te volg dan wil hy eers sy pa gaan begrawe. Dit kon ook beteken dat sy pa tot die dood toe siek was, en dat die man meen hy sal nie iets anders kan doen as om sy pa te moet versorg tot die dag wat hy hom dan nou klaar sou kon begrawe het nie. Jesus verbied beslis niemand om aan sy ouers eer te betoon nie. Vir die Jood moes dit wees, agt ure nadat iemand gesterwe het, dan moet hy/sy begrawe word, maar wat die Here hier sê sluit al gedeeltelik aan by wat by die derde man nog duideliker sal uitkom.

'n Mens moet ook nie altyd met dit wat die dood is, en wat besig is om dood te gaan jou lewe wil volmaak nie. Mense wat aanmekaar begrafnis hou, terwyl Hy wat die lewe is hulle na Hom toe roep nie. Die dooies wat hulle eie-dooies moet begrawe sluit dan op dit wat geestelik dood is. Godsdienstige tradisies wat soos dooie reëls in stand gehou word, is dood. Laat dié wat dan dood is in hulle geloof hulle eie dooie goed begrawe, want wat help dit dat 'n mens tradisies wil lewend hou, maar jou geloof is eintlik dood?! Laat die dooies hulle eie dooies begrawe.

Vorm godsdiens word dan voorop gestel, om alles volgens bepaalde gebruike te doen, en so 'n mens kry dit selfs reg om hierdie gebruike so belangrik te ag, dat as die Here my vra om Hom op hierdie oomblik te volg, dan sal my begrafnis-tradisie belangriker weeg as die Here se opdrag- Gaan jy en verkondig die koninkryk van God! Wie by die begrafnis sal stilstaan volg by wyse van spreuke dan eerder die dooie tradisie as wat ek bereid is om die lewende Christus te volg. Dit gaan om die bevele wat die lewe gee te ignoreer en uit te stel en ons besig te hou met dooies wat eintlik met hulle eie begrafnis besig geraak het. Maak 'n keuse in wat vir jou as besluitelose lyk 'n verskriklike besluit te moet wees. Jy kan tog nie die dood kies nie, ek moet gaan waar Jesus is, Hy wat die lewe is!

<u>Vier - vers 61 -62</u>

61 Nog een het gesê: "Ek sal U volg, Here, maar laat my toe om eers my familie by die huis te gaan groet."

62 Toe sê Jesus: "Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie."

'n Vierde ou moes leer dat niks jou aandag mag aftrek van Jesus nie. Nie eens familiesake nie (vers 61). Jesus vereis doelgerigte navolgingskap.

Die "ek wil 'n dissipel-wees" kandidaat wil eers gaan groet, voor hy nuwe verbintenisse maak. Jesus gebruik die ploeg beeld sodat jy moet onthou: "Jy leer uit die verlede, jy leef nie daar nie! Loop weg van die verlede wat jou vasbind."

Die Here Jesus gebruik hier 'n beeld uit die boerdery-lewe van destyds:

- 'n os/osse wat 'n skerppuntige ploeg, wat deur die boer met 'n handvatsel vasgehou en beheer word, deur die grond trek. Dit was glad nie maklik vir die een wat die handvatsel hier agter vasgehou het nie. Dit het baie krag en vaardigheid en konsentrasie geverg, veral as jy mooi reguit wou ploeg. As jy byvoorbeeld aangehou het om agtertoe om te kyk, het jy maklik jou vorentoe-lyn verloor en skeef begin ploeg. In elk geval kon jy eintlik nie agtertoe kyk nie, want jy moes mooi dophou vir klippe of rotse hier voor, wat groot skade aan jou ploeg sou kon doen.

En nou sê Jesus hier dat iemand wat die ploeg vashou maar aanhou agtertoe kyk, 'n beeld is van iemand wat nie met volle toewyding 'n kind van die Here is nie.

Hierdie boer wat aanhou agtertoe kyk terwyl hy ploeg, is vir ons 'n prentjie van 'n mens wat Jesus volg, maar wat die heeltyd wonder of dit 'n goeie besluit was om Hom te volg,

of wat die heeltyd wens om dinge te kan doen wat nie regtig pas by 'n kind van die Here nie.

Die man vir wie Jesus hierdie woorde gesê het, is self 'n voorbeeld van 'n mens met so 'n verdeelde hart.

Hy's iemand wat vir Jesus voltyds wou volg terwyl Hy hier op aarde was.

Maar nou wil hy eers gaan afskeid neem van die wat in sy huis was.

Dis gewoonlik nie verkeerd om van jou familie en vriende te gaan afskeid neem voor jy 'n groot projek aanpak wat jou 'n lang tyd van hulle af gaan wegvat nie. Maar hierdie was darem 'n buitengewone situasie en 'n wonderlike geleentheid vir hierdie man, om dadelik voltyds saam met die Here Jesus te gaan –

en nou's afskeide gaan neem van sy familie en vriende vir hom belangriker!

Sien jy wat leef in sy hart?

- hy sál Jesus volg, maar daar's een of twee ander dinge wat eers sal moet aandag kry;
- hy sál Jesus volg, maar daar's darem nog tye en geleenthede wat Jesus nie eerste gaan kom nie;

hy sal Jesus nie só radikaal kan volg soos wat blykbaar van hom verwag word nie!

- sy hart is al 'n bietjie by Jesus, 'n groot deel, maar tog ook nog by hierdie ander dinge;
- hy't sy hand aan die ploeg geslaan – hy't gesê hy wil Jesus volg – maar hy bly nog omkyk na wat agter lê.

Kom ons noem hom 'n terugkyker.

Daar's ook ander voorbeelde in die Bybel van sulke terugkykers:

- o Daar's Lot se vrou, wat terugverlang het na die sondige Sodom toe en omgekyk het en 'n soutpilaar geword het.
- o Daar's Demas, die Paulus se helper, wat die wêreld liefgekry het en Paulus in die steek gelaat het.

Eintlik het hy nie net teruggekyk nie, maar teruggedraai!

- o Daar's die gemeente in Laodisea, vir wie Jesus 'n brief laat skryf het – 'n gemeente wat nie koud of warm was nie, maar lou.

Dus: Jesus wou op vier maniere wys van vier tipes mense wat Hom, Jesus Christus moet volg.

Jy kry die te geesdriftiges, dan kry jy die besluitelose, en dan kry jy die voorwaardelike, altyd voorwaardes wat hulle stel.

Dit gaan by hierdie man om nie met jou eie voorwaardes (en voorkeure) na die Here te wil kom nie. Die Here gee hom die opdrag om Hom te volg, maar Hy sal eers sien. As hy by die huis gekom het, dan sal hy sien of dit wel vir hom moontlik sal wees. Is die boerdery só, dat hy dit sal kan oorlaat, en hy moet darem nog eers tyd kry om te kan afskeid neem. Daar is dalk nog baie ander belangrike dinge óók! Die radikale antwoord van die Here is- Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk is geskik vir die koninkryk van God nie…

Per implikasies is ons gedagte :

Ons moet vooruit kyk:

Jesus sê- Wie met 'n ploeg in die hand besig is om te ploeg, en agtertoe kyk is nie geskik vir die Koninkryk van God nie. Dit is sterk taal. Om nie geskik te wees nie, is die Griekse woord- euyetov wat beteken so iemand is nie goed geplaas nie, hy/sy is uit pas uit en dan word dit 'n vraag na hoe bruikbaar is ek nog in God se Koninkryk?.

.

WAT HY DUS WIL Hê

Hy wil onverdeelde, permanente, toegewyde entoesiasme vir en erns met die lewe onder koning Jesus hê.

Die Here Jesus wil mense hê wat Hom met hulle hele hart volg:

- mense wat nie "net gou nog eers dit" of "net gou nog eers dat" voordat hulle regtig voluit Christene sal wees nie;

- mense wat nie allerhande uitsonderinkies vir hulle wil hê in hulle lewe as Sy kinders nie (= "ek sal 'n kind van die Here wees, maar Hy moet my tog maar net vergewe vir hierdie of daardie wat ek regtig nie kan los nie!")

Hy wil mense hê wie se hart sê:

- ek het híérdie pad gekies en ek gaan híérdie pad loop;
- ek het die geskenk van die geloof gekry en die onbeskryflike groot genade om 'n kind van God te wees en nou gaan ek my lewe as 'n ware kind van die Here lewe;
- ek gaan my deur niks en niemand van hierdie koers laat afdwing nie:

Ek gaan bv. nie toelaat dat Satan met allerhande sondige idees wat hy in my kop plant of met allerhande verskonings vir halfhartige godsdiens, my van hierdie pad laat afdwaal nie;

Ek gaan nie toelaat dat dit wat mense doen of nie doen nie – ook kerkmense – op enige manier my toewyding aan die Here afwater nie;

Ek gaan nie toelaat dat teenstand teen my Christelike oortuigings en lewenswyse my entoesiasme demp nie;

Ek gaan nie ophou om as kind van God te lewe nie, selfs al sou dit allerhande opofferings van my vra…

Die Here Jesus het Self vir ons gewys hoe dit in die koninkryk van God gedoen moet word.

Sy koninkrykstaak hier op aarde was mos om vir ons verlossing te gaan bewerk aan die kruis.

En Hy't die pad kruis toe doelbewus gekies en geloop – vasbeslote en niks en niemand kon Hom laat terugkyk of laat omdraai nie:

- nie die duiwel nie, wat Hom daar in woestyn versoek het;
- nie Petrus nie, Sy eie dissipel, wat van Jesus se kruisiging gesê het: Mag God dit verhoed…
- nie die opofferings wat dit hier op aarde van Hom geverg het nie, waarvan ons iets gehoor het hier waar Hy sê: … die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir Sy kop nie.
- nie eers die verskriklikste onreg wat Hy moes verduur en die bitterste lyding wat Hy moes deurgaan nie.

Hy't vorentoe gekyk en Sy koninkrykstaak uitgevoer!

En so vir elke sondaar wat in Hom glo, die genade bewerk dat ons met God versoen kan wees, kinders van Hom, burgers in Sy koninkryk, mense in wie die Heilige Gees woon – die enigste Een wat jou kan help om nie meer terug te kyk nie, maar met 'n ongedeelde hart die lewe as kind van God aan te pak en deur te voer…

In die Here se koninkryk is daar nie plek vir terugkykers nie.

Hy wil mense hê wat Hom voluit volg.

<u>Saam op pad</u>

As jy die genade gekry het om op hierdie Koning se plaas te mag ploeg,
dan kyk jy stip vorentoe, sodat jy die klippe sal raaksien en vermy,
sodat jy reguit vore kan trek, tot eer van hierdie Eienaar.
En Hy sal, wanneer jou ploegtyd verby is, jou laat rus daar in Sy ewige huis…

"Wat ons nou nodig het, is meer steenkool."

Lank terug het Sam Jones as prediker dikwels sy gehoor betrek in sy aanbieding. Een Sondag het hy vir die gemeente gesê: "Kom ons verbeel ons die kerk is 'n lokomotief. Watter deel van die lokomotief sal jy graag wil wees?" Een man het sy hand opgesteek: "Ek sal graag een van die wiele wil wees wat help dat die trein op die spoor aanbeweeg." 'n Ander een het gesê: "Ek sal graag die fluitjie wil wees, wat God se lof dwarsdeur die land verkondig." 'n Ander persoon het gesê: "Ek wil die steenkool wees, wat net myself opbrand vir Jesus." Op dié punt het Sam Jones breed geglimlag en gesê: "Nou praat jy! Broers en susters, ons het te veel fluitjies en wiele in die kerk. Wat ons nou nodig het, is meer steenkool."

Sam Jones het gepraat van *commitment*. Want om 'n volgeling van Jesus te wees, vra van jou daaglikse onderhoud/instandhouding. Dit is 'n *commitment* wat van jou "totale-lewe-dissipelskap" verwag.

Saam op pad in Jesus se dissipelskapskool

Kinders is gewoond daaraan om verskonings te hoor, nes Jesus by hierdie mense gehoor het. Ouers sê dikwels vir kinders: "Wag 'n oomblik," "Net 'n sekonde," "Ek sal nou daar wees," "Ek is besig." Vra die kinders om nog verskonings vir jou te noem wat volwassenes teenoor kinders gebruik. Jesus roep mense om saam met Hom te loop en baie gee verskonings, maar Jesus sê: "Loop aan, stop die verskonings."

Wat hierby kom is die feit dat jy sal nie alles in een dag reg kry nie. Selfs net om 'n ploeg in 'n reguit lyn te hou is iets waarin 'n mens geoefen moet word. Geen mens leer in een dag hoe om te ploeg nie. Oefen jou in die godsaligheid skryf Paulus vir Timoteus, en hierdie woord vir oefen is die Griekse woord- gumnaze –gumnazo- waar ons woord gimnastiek vandaan kom- en daarom om werklik met die hemelse ploeg reg te kan ploeg moet mens elke dag in die hemelse geloof gimnasium wil inbeweeg. My diepste verlange sal dan wees om net in God se Koninkryk diensbaar te wees. Dan is ek selfs tevrede met die plek wat ek nou in God se Koninkryk kon inneem, al is dit hoe anders as die plek wat ek dalk vroeër gehad het. Maar ek kyk nie om nie, want God sal weet watter plek nou die regte plek is waar ek inpas, en wat ek moet inneem om die ploeg sy reguit rigting te laat kry.

Ons kyk en ploeg vooruit in die Koninkryk in:

Met die krag van die Heilige Gees kan mens voortgaan, sonder om aanhoudend om te kyk. Die Chinese het 'n spreekwoord wat sê dat die reis van duisende kilometers begin met die eerste tree. Dan het ons voor ons nie 'n hopelose einde nie, maar ons het 'n eindelose hoop. Die pad vorentoe sal nie roltrappe wees nie, daar sal maar nog altyd die trappe wees wat geklim moet word, en ja party keer is dit beter om God se Woord vanuit 'n rolstoel te verkondig as vanaf 'n preekstoel.

Erasmus, die beroemde geleerde uit die Renaissance het hierdie storie vertel: Jesus het teruggekeer na die hemel na sy tyd op aarde. Die engele was nuuskierig oor wat op aarde gebeur het. Jesus vertel van die wonders, sy dood en opstanding. Toe hy klaar is, vra die aartsengel: Maar wat gebeur nou? Jesus sê ek het 11 getroue dissipels en 'n hanjievol manne en vroue wat my getrou gevolg het, agtergelaat. Hulle sal my liefde vir die wêreld wys en vir hulle vertel van die verlossing en die kerk uitbou. Maar het die aartsengel gevra; wat as hulle misluk? Wat is u ander plan? En Jesus antwoord: "Ek het nie 'n ander plan nie – hierdie mense is my plan"

Verwysings: Luisterseisoen, Revised Common Lectionary, Heelhartige dissipels - D Snyman Gereformeerde Kerk Magalieskruin; Tell it Slant – E Peterson